NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

*Dit begin alles hier*

# PROFIEL 2016/2017



# die groter prentjie

## Die Suid-Afrikaanse HOËRONDERWYS-landskap

**26**
openbare hoëronderwys-instellings in SA

**6**
komprehensiewe universiteite

**14**
konvensionele universiteite

**6**
universiteite van tegnologie

Noordwes-Universiteit (NWU): een van die konvensionele universiteite in SA

Universiteite Suid-Afrika: beheerliggaam vir SA se hoëronderwysinstellings

# inhoud

| | |
|---|---|
| 1 | die groter prentjie |
| 2 | die gees van die Noordwes-Universiteit |
| 3 | ons universiteit |
| 6 | ons personeel |
| 8 | ons bestuurspan |
| 9 | ons akademiese programme |
| 16 | ons studente |
| 23 | ons navorsing |
| 28 | ons gemeenskapsbetrokkenheid |
| 30 | ons finansies |
| 31 | yunibesiti ya rona |

*(Let wel: die 2016-syfers wat gebruik word, is nie finale syfers nie.)*

# die gees van die noordwes-universiteit

Die gees van die universiteit word weerspieël in die manier waarop ons die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.

Hierdie gees loop dwarsdeur al ons aktiwiteite en werksaamhede, van ons akademiese programme en navorsing tot ons studentekorps, gemeenskapsbetrokkenheid en sportprestasies. Die "sleutels" wat ons gebruik om die toekoms vir ons belanghebbers te ontsluit, is onder meer die volgende:

- Ons uitsonderlike programme (p10)
- Ons entrepreneuriese leer (p11)
- Ons topnavorsingsentiteite (p23)
- Ons fokus op internasionalisering (p25)
- Ons uitnemendheid op sportgebied (p20)

## ons logo

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van die saamgesmelte universiteit en die drie kleure verteenwoordig ons drie lewenskragtige kampusse.

NORTH-WEST UNIVERSITY®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

## ons slagspreuk

It all starts here

Dit begin alles hier

Gotlhe go simologa fano

# ons universiteit

## 'n nuwe instelling

Die NWU het op 1 Januarie 2004 tot stand gekom as deel van die transformasie van die hoëronderwyslandskap.

**Die instellings wat saamgesmelt het om die NWU tot stand te bring:**

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS


+

UNIVERSITEIT VAN NOORDWES

+

Die personeel en studente van die Sebokengkampus van die Vista-Universiteit is ook by die nuwe instelling ingelyf.

## 'n tweevlakstruktuur



# ons kampusse

Die Institusionele Kantoor (hoofkantoor) is in Potchefstroom, naby die Potchefstroom-kampus, geleë.



Mafikengkampus
Noordwesprovinsie



Vaaldriehoekkampus
Gauteng





Potchefstroomkampus
Noordwesprovinsie

# elke kampus het sy eie unieke kenmerke:

MAFIKENG

## Mafikeng-kampus

Die Mafikengkampus is in die hoofstad van die Noordwesprovinsie geleë en het 'n internasionale atmosfeer, met 424 studente uit 24 verskillende lande daar ingeskryf in 2016.

Dit is die tweedegrootste van die NWU se drie kampusse, met 11 547 ingeskrewe studente in 2016, waarvan 507 vir afstandsprogramme ingeskryf was.

As gevolg van sy fisiese ligging het die kampus 'n buitestedelike profiel wat homself leen tot 'n fokus op landelike ontwikkeling ten opsigte van akademiese programme.

POTCHEFSTROOM

## Potchefstroom-kampus

Die Potchefstroomkampus is verreweg die grootste en oudste NWU-kampus, met 50 600 studente in 2016, van wie 29 254 vir afstandsprogramme ingeskryf was. Hoewel die meeste voltydse voorgraadse klasse in Afrikaans aangebied word, maak die kampus ook voorsiening vir ander taalvoorkeure. Meer as 80% van die voorgraadse programme word óf in Engels aangebied óf deur opvoedkundige tolkdienste in Engels in getolk.

Die Potchefstroomkampus is verantwoordelik vir die meeste van die NWU se navorsingsuitsette en Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers.

## Vaaldriehoekkampus

Die Vaaldriehoekkampus, geleë op die oewer van die Vaalrivier in 'n geproklameerde natuurreservaat, het 'n diverse studenteprofiel in 'n unieke omgewing. 'n Verskeidenheid wildspesies loop los rond op die kampusgronde.


Die kampus, wat in 2016 altesaam 7 589 geregistreerde studente gehad het, fokus daarop om by te dra tot die vaardighede, kennis en ekonomiese groei van die Gautengstreek.

VAALDRIEHOEK


# ons personeel

ras- en geslagsamestelling van die NWU-personeel soos op 31 Mei 2016

## vroulik




## manlik



# bemagtigingstatus

| | |
|---|---|
| Swart uitvoerende direkteure | 50% |
| Vroulike uitvoerende direkteure | 37,5% |
| Swart personeel (% van totale personeel) | 39,35% |
| Vroulike personeel (% van totale personeel) | 55,85% |

# ons personeel skitter

Ons akademici blink uit in hul onderskeie vakgebiede, wen toekennings en deel hul kundigheid in Suid-Afrika en in die buiteland. Hierdie is slegs enkele van die vele toekennings wat hulle ontvang het:

- Loerie-toekennings
- ATKV-woordveertjies
- Nasionale Navorsingstigting-toekennings
- Verteenwoordig SA/SAOG-lande/Afrika by internasionale konferensies/liggame
- Toekennings vir beste referaat/plakkaat/ artikel by internasionale kongresse
- Navorsingstoekennings en genootskappe van internasionale liggame/instansies
- Sprekers by internasionale kongresse
- Voorsitters en uitvoerende/erelede van nasionale en internasionale liggame
- Nasionale en internasionale toekennings vir uitnemendheid in navorsing
- Lede van die Academy of Science of South Africa (ASSAf)
- Medaljes en ander toekennings van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (Havengaprys, ATKV-prys)

# ons bestuurspan



**Prof Dan Kgwadi**
Visekanselier

Hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte, wat aan die NWU-raad verantwoording moet doen vir die universiteit se algehele prestasie.



**Prof Frikkie van Niekerk**
NWU-adjunkhoof en Adjunkvisekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie



**Prof Martin Oosthuizen**
Adjunkvisekanselier: Onderrig-Leer



**Prof Mashudu Davhana-Maselesele**
Rektor: Mafikengkampus



**Prof Fika Janse van Rensburg**
Waarnemende Rektor: Potchefstroomkampus



**Prof Linda du Plessis**
Waarnemende Rektor: Vaaldriehoekkampus



**Prof Marlene Verhoef**
Institusionele Registrateur

Behalwe die institusionele registrateur is daar drie uitvoerende direkteure:



**Me Elmarie de Beer**
Uitvoerende direkteur: Finansies en Fasiliteite



**Mnr Kedirang Oagile**
Uitvoerende direkteur: Mense en Kultuur



**Mnr Clement Manoko**
Uitvoerende direkteur: Korporatiewe Kommunikasie

# ons akademiese programme

Die NWU bied meer as 'n opvoeding: ons bied aan mense 'n plek in die wêreld.

**Ons akademiese aanbod bied aan studente 'n groot keuse en buigsaamheid, en stel hulle in staat om hul volle potensiaal te verwesenlik en om hul loopbane te begin ontwikkel.**

## studente ingeskryf

| 2004 | 2015 |
|---|---|
| 40 145 | 64 070 |

**= 60% totale groei**

## kwalifikasies toegeken

| 2004 | 2015 |
|---|---|
| 9 657 | 15 597 |

**= 62% totale groei**

## PhD's toegeken

| 2004 | 2015 |
|---|---|
| 87 | 222 |

**= 155% totale groei**

## voorgraadse slaagsyfer

| 2005 | 2015 |
|---|---|
| 78,02% | 85,09% |

| | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 |
|---|---|---|---|---|
| Voorgraadse slaagsyfer | 88,2% | 85,1% | 86,1% | 85,1% |
| Graadverwerwingskoers | 25% | 25% | 24,1% | 24,3% |
| Grade en diplomas toegeken | 14 669 | 15 464 | 15 254 | 15 597 |
| Meestersgrade toegeken | 670 | 781 | 746 | 742 |
| PhD's toegeken | 154 | 168 | 171 | 222 |

# uitsonderlike programme

Ons bied verskeie programme aan wat nie by baie ander Suid-Afrikaanse universiteite te vinde is nie. Hier is 'n paar voorbeelde:

## MAFIKENGKAMPUS

- 'n BScAgric in dieregesondheid, wat geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad
- Baccalaureus in inheemse kennisstelsels – die eerste SAKO-geakkrediteerde multidissiplinêre program in hierdie vakgebied
- Vervoerekonomie en logistieke bestuur
- Graad R-diploma (praktyk) vir vroeëleersentrums en Graad R-onderwysers in die Noordwesprovinsie

## POTCHEFSTROOMKAMPUS

- MA (Ingenieurswese) in kerningenieurswese
- BA (Gesondheidswetenskappe) in beroepshigiëne
- MA (Gesondheidswetenskappe) in transdissiplinêre gesondheidsbevordering en in gerontologie
- MSc in farmaseutiese wetenskappe
- LLM-grade in invoer- en uitvoerreg, boedelreg en vergelykende kinderreg, en in omgewingsreg en korporatiewe bestuur
- BScHons in omgewingswetenskappe met spesialisering in afvalbestuur (die enigste nagraadse graad van sy soort in Suid-Afrika)
- Meestersgrade in omgewingsbestuur, ekologiese watervereistes en afvalbestuur
- Meesters- en doktorsgraad in bestuur (in die kurrikulum ramprisikobestuur)
- BCom in ekonomiese wetenskappe met landbou-ekonomie en risikobestuur
- BCom en nagraadse studies in forensiese rekeningkunde
- BA en BAHons in antieke tale
- Bedryfswiskunde en informatika: meestersgraad in gevorderde besigheidsanalise en kwantitatiewe risokobestuur, insluitende die aktuariële spesialisering, Certified Enterprise Risk Actuary (CERA )
- BA in openbare bestuur met polisiëringspraktyk (afstandsleer)

## VAALDRIEHOEKKAMPUS

- Meestersgraad in positiewe sielkunde
- Meestersgraad in bankwese en finansiële risikobestuur
- Meestersgraad in mensehulpbronbestuur
- Volle meestersgraad in bedryfsielkunde
- Honneursgraad in mediese sosiologie

Die Noordwes-Universiteit se Skool vir Besigheid en Korporatiewe Bestuur bied deeltydse programme aan – Saterdagoggende in Afrikaans in Potchefstroom, Maandagaande in Engels in Vanderbijlpark, en geselekteerde naweke in Engels in Mahikeng. Die MBA-program is geakkrediteer deur die Vereniging van MBA's (AMBA).


# entrepreneuriese leer

- Akademiese programme in entrepreneurskap is ingesluit in die BCom Entrepreneurskap en Sakebestuur en die MBA.
- ’n Module in probleemoplossing vir besigheid maak deel uit van die BCom Entrepreneurskap en Sakebestuur, BSc Verbruikerswetenskappe en BSc IT.
- Die bHive Ondernemingsontwikkelingsentrum (OOS) op die Vaaldriehoekkampus het 'n kort leerprogram vir vroulike entrepreneurs, naamlik die Ondernemende Vroue-program. Die bHive-OOS koördineer ook studentegesentreerde entrepreneuriese leergeleenthede soos die Young Entrepreneur Business Organisation (YEBO).

# afstandsleerprogramme

Ons het die tweedegrootste oop afstandsleereenheid in Suid-Afrika. Die meeste van ons 30 000 afstandsleerstudente studeer onderwys, maar daar is ook verpleegkunde-, teologie- en polisiëringstudente.

Die eenheid het bykans 63 fasiliterings- en 120 eksamensentrums. Hierdie sentrums is regdeur Suid-Afrika versprei, en sommige is in lande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) geleë.



# unieke taalbeleid

Ingevolge ons beleid van funksionele meertaligheid bied die NWU opvoedkundige tolkdienste aan studente. Die grootste gebruiker is die Potchefstroomkampus. Tolking word gebruik vir alle voorgraadse modules (en sommige nagraadse modules) wat nie in Engels aangebied word nie, maar waar toegang tot onderrig in Engels vereis word.

Opvoedkundige tolking fasiliteer toegang vir nie-Afrikaanssprekende studente in alle studierigtings. Dit maak dit ook moontlik vir dosente wat nie vlot is in Afrikaans nie om in Engels klas te gee (met tolking in Afrikaans in).

Parallelmediumklasse word reeds vir 'n geruime tyd lank in sommige modules aangebied. Dit is in die begin van 2016 uitgebrei na groot eerstejaarmodules op die Potchefstroomkampus, en sal stelselmatig na verdere studiejare toe uitgerol word waar prakties moontlik.


Tolking van Engels na Setswana is beskikbaar op versoek in sekere modules op die Mafikengkampus.

Op die Vaaldriehoekkampus word eerstejaarklasse in parallelmedium aangebied en vanaf die tweede studiejaar is onderrig slegs in Engels. Tolking van Engels na Afrikaans is vanaf die tweede studiejaar op versoek beskikbaar.

# bevordering van akademiese sukses

Die NWU bied verskeie programme aan om studente akademies te ondersteun:

- Akademiese geletterdheidsmodules: Alle eerstejaarstudente doen akademiese geletterdheids- en vaardigheidstoetse om te bepaal of hulle sal baat by die bykomende akademiese geletterdheidsmodules wat aangebied word.
- Ander akademiese ondersteuning sluit in ewekniementorskap, tutoriale, leeslaboratoriums en skryfsentrums.
- Die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) is 'n oorbruggingsprogram vir studente wat andersins nie vir universiteitstoelating sou kwalifiseer nie.
- Aanvullende Onderrig (AO) is 'n internasionaal erkende akademiese ondersteuningstelsel vir studente.
- Opknappingsprogramme in wiskunde word aangebied aan eerstejaarstudente wat geregistreer is vir programme wat modules in wiskunde insluit.
- Verskeie uitgebreide programme maak dit vir studente moontlik om hul studies oor 'n langer tydperk te voltooi.



# kritieke vaardighede vir die land

Die universiteit fokus op die ontwikkeling van skaars en strategiese vaardighede:

## Onderwysers

- In 2015 het die NWU 1 236 onderwysers gelewer – 972 BEd-studente en 264 NGOS-studente.
- Ons lei ook tegniese onderwysers op, waarvoor daar 'n groot aanvraag bestaan, aangesien 'n nuwe tegniese kurrikulum by hoërskole en tegniese skole geïmplementeer is.
- Verder bied ons 'n diploma in Graad R-onderrig aan (100% afstandsonderrig) om meer studente oor die hele land te bereik om hierdie leemte in onderwysersopleiding te vul.

## Rekenmeesters

- Om werk te maak van die groot tekort aan rekenmeesters in Suid-Afrika bied ons vier professionele rekeningkundegrade aan. Hierdie grade is in forensiese rekeningkunde, geoktrooieerde rekeningkunde, bestuursrekeningkunde en finansiële rekeningkunde. Ons is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat al vier spesialiserings op voorgraadse vlak aanbied. (Meesters- en doktorsgrade word ook in al vier genoemde rigtings aangebied.)

## Vaardighede in wiskunde

- Verskeie uitgebreide graadprogramme in die BCom-, CA- en BSc IT-rigtings teiken studente wat slegs wiskundige geletterdheid of 'n laer as vereiste punt in wiskunde het.
- Die Bridging the Mathematical Gap-program help Graad 12-leerders om hul finale uitslae in wiskunde te verbeter ten einde toegang tot BCom- en BSc-studies te bevorder.
- 'n Kort leerprogram, Wiskunde vir BCom, bevorder ook toegang tot BCom-studies.

## Verpleegpersoneel

- Om die tekort aan verpleegpersoneel in Suid-Afrika te ondervang, bied ons verskeie programme in verpleegkunde aan.

## Dieregesondheidstegnici

- Ons lei dieregesondheidstegnici op, wat 'n baie belangrike rol vervul in die lig van die kritieke tekort aan professioneel opgeleide veeartse in Suid-Afrika.

## Ingenieurs

- Om te help voorsien in die tekort aan ingenieurs in Suid-Afrika bied ons die volgende programme aan: meganiese en kerningenieurswese, elektriese en elektroniese ingenieurswese, chemiese ingenieurswese, bedryfsingenieurswese, elektroniese en rekenaaringenieurswese en elektro-meganiese ingenieurswese. (Alle programme is by die Ingenieursraad van Suid-Afrika geakkrediteer.)

# ons sentrums

## MAFIKENGKAMPUS

- Die **Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT)** bied honneurs- en meestersgrade aan en bou só kapasiteit vir die kernindustrie in Suid-Afrika.
- Die **Sentrum vir Gemeenskapsreg, die Dieregesondheidsentrum** en die **Ipelegeng-gesinsentrum** bied gratis dienste aan mense wat dit nie kan bekostig nie.

## POTCHEFSTROOMKAMPUS

- Die **Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste** bestuur alle farmaseutiese en biomediese kommersiële dienste.
- Die **DWT HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum** fokus op waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde.
- Die **Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT®)** doen navorsing oor mensetaaltegnologie en ontwikkel taaltegnologieprodukte soos speltoetsers en masjienvertalingshulpbronne vir Suid-Afrikaanse tale.
- Die **Sentrum van Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging** is 'n baanbreker in ekstrusie, wat gebruik word vir die vervaardiging van produkte in die voedsel-, voer-, plastiek-, poeierverf- en samestellingsbedryf.
- Navorsers van die **DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform** en die **Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe** het 'n unieke geneesmiddelafleweringstegnologie, bekend as Pheroid®, ontwikkel om siektes soos malaria meer doeltreffend te behandel.
- Die **Wêreldgesondheidsorganisasie se Samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisynes (CENQAM®)** is betrokke by kwaliteitsversekering en -beheer van medisynes vir regulatoriese en nie-regulatoriese organisasies in Suid-Afrika en die buiteland.
- Die **Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur** verleen bystand aan die industrie en die regering met waterverwante probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar.
- Die **Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika** fokus op industriegerigte navorsing in kwantitatiewe risikobestuur, besigheidsanalise en datawetenskap met toepassing in die finansiële sektor.

## VAALDRIEHOEKKAMPUS

- Die **Serious Games Institute South Africa (SGI-SA)** gebruik spesiale simulasiespeletjies om mense op te lei in vakgebiede soos sosio-ekonomie, streeksbeplanning en risikoversekering. Hulle fokus ook op mobiele tegnologie en die ontwikkeling van toepassings vir slimtoestelle (App Factory).
- Die **Sentrum vir Voortgesette Professionele Ontwikkeling (SVPO)** bied kortkursusse en werkswinkels in verskeie gebiede aan, soos projekbestuur, arbeidsverhoudinge, en bestuurs- en rekenaarvaardighede.
- Die **bHive Ondernemingsontwikkelingsentrum** bemagtig studente en gemeenskapslede om entrepreneurs te word en om geleenthede in die mark te benut. Dit huisves ook entrepreneuriese studentegroepe soos Coachlab at Vaal, die Young Entrepreneur Business Organisation (YEBO) en Enactus.
- Die **Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur (ETRB)** maak werk van die behoefte aan nagraadse risikobestuursopvoeding en toegepaste risikonavorsing.
- Die **Sentrum vir Vertaling en Professionele Taaldienste (CTrans)** lewer dienste aan plaaslike en internasionale kliënte in al 11 Suid-Afrikaanse tale, sowel as in enkele Europese tale.

# ons bydrae tot die bekamping van MIV/Vigs

Die MIV/Vigs-pandemie het 'n groot impak op Suid-Afrika, en die bekamping van MIV/Vigs is 'n prioriteit vir die universiteit.

MIV/Vigs-dienste is beskikbaar op alle kampusse en die kampusgesondheidsklinieke verskaf vrywillige berading en toetsing aan personeel en studente.

Studente is aktief betrokke by MIV/Vigs-bewusmaking op die kampusse en onder die gemeenskappe. Hulle hou voorligtingswerkswinkels en reël antidiskriminasie-optogte, kersweke en kondoomweke.




# ons studente

Die NWU is 'n plek waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar ook vrye teuels gee aan hul verbeelding, hul drome visualiseer en die saadjie plant vir toekomstige sukses. Die kampuslewe is gemik op holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die wye verskeidenheid kulturele, sport-, voorligtings- en welstandsaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

## studenteprofiel


Diversiteit is die onderskeidende eienskap van die NWU se studenteprofiel. Dit gee aan ons studente 'n mededingende voordeel, want hulle put krag uit hul diversiteit en verbeter hul vermoë om te kommunikeer en met mekaar om te gaan.

In 2016 het die NWU se studenteprofiel so gelyk:





| | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale studente-inskrywings | 58 752 | 60 975 | 63 135 | 64 070 | 69 736 |
| - Kontak | 34 389 | 36 195 | 37 193 | 37 943 | 39 064 |
| - Afstand | 24 363 | 24 780 | 25 942 | 26 127 | 30 672 |

## rassesamestelling van kontakstudente in 2016




## geslagsamestelling van kontakstudente in 2016



# voorgraads vs nagraads

Verreweg die meerderheid studente is voorgraads, met 53 701 wat in 2016 vir baccalaureus- of diplomastudie ingeskryf was. Die NWU het egter ook 'n aansienlike getal nagraadse studente:

meestersgraadstudente **2 639**

doktorsgraadstudente **1 384**

# studie-opsies

Hier is sommige van die studiekeuses van studente in 2016:

| Hoofstudierigting | Kontak | Afstand | Totaal (%) |
|---|---|---|---|
| Wetenskap, ingenieurswese, tegnologie | 12 792 | 1 167 | 20,02 |
| Sake/bestuur | 13 026 | 28 | 18,72 |
| Onderwys | 3 280 | 21 698 | 35,82 |
| Ander geesteswetenskappe | 13 125 | 7 478 | 29,54 |



# studente-ondersteuning

Ons bied die volgende ter ondersteuning en ontwikkeling van ons studente:

- finansiële steun (beurse)
- berading, sielkundige en ontwikkelingsdienste
- eweknieHelpers en mentors
- gesondheidsorgsentrums
- gestremdheidseenhede
- maatskaplike werkers
- projekte wat gereelde, gebalanseerde maaltye aan behoeftige studente voorsien
- 'n Loopbaansentrum wat studente in staat stel om met potensiële werkgewers te netwerk en hul CV-skryf- en onderhoudvaardighede te verbeter.

# studentefasiliteite en infrastruktuur

Die volgende studentefasiliteite en infrastruktuur bied die beste moontlike leer- en ekstrakurrikulêre ontwikkelingsgeleenthede:



## ekstrakurrikulêre ontwikkeling

Die NWU bied aan studente talle geleenthede om hul talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

- Kultuuraktiwiteite sluit in debat, drama, dans en kultuurverenigings, orkeste, eerstejaarskonserte, musiekblyspele, talentkompetisies, kore, sanggroepe, kunsfeeste, uitstallings en kompetisies, kampusradiostasies en studentekoerante.

Moderne lesinglokale, biblioteke met navorsingsmeente, rekenaarlaboratoriums, navorsingslaboratoriums toegerus met uitstekende toerusting, studentesentrums met kafeterias en kantore vir studenteleiers, studentekoshuise en sportfasiliteite wat sportgronde en goed toegeruste gimnasiums insluit.

Ons voortgaande konstruksie-, instandhoudings- en opgraderingsprogram verseker dat daar aan huidige en toekomstige infrastruktuurbehoeftes voldoen word. Die totale uitgawe aan infrastruktuur en fasiliteite regoor die NWU het in 2015 altesaam R156,6 miljoen beloop.

## uitnemendheid op sportgebied

Die universiteit kan, op grond van prestasies op die sportveld, daarop aanspraak maak dat dit een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is.

Die NWU spog met die volgende:

RUGBY-INSTITUUT

KANOKLUB

SOKKER-INSTITUUT

HOKKIE-AKADEMIE

SEWE

GROOT SPORTKODES

atletiek | krieket | hokkie | netbal | rugby | sokker | tennis

TALLE

KLEINER SPORTKODES EN -AKTIWITEITE

fietsry | karate | sagtebal | muurbal | rotsklim | tafeltennis | mededingende skaak | liggaamsbou | korfbal | boks | netbal | dans | sewesrugby | aërobiese oefeninge | basketbal | ju-jitsu | muurbal | watersport (roei en kanovaart) | marathon | basketbal | pensteek | kanovaart

# ons kampioene

NWU-sportspanne en individue het uitstaande prestasies in die Universiteitesport Suid-Afrika-kampioenskappe (USSA) en die Varsitybeker behaal.

## USSA-spele 2015

| Kampus | Sportkode | Eerste, tweede of derde plek |
|---|---|---|
| Potchefstroom | Gimnastiek | Eerste |
| Potchefstroom | Atletiek | Tweede |
| Potchefstroom | Pluimbal | Tweede |
| Potchefstroom | Fietsry | Tweede |
| Potchefstroom | Vrouehokkie | Derde |
| Potchefstroom | Rugby sewes | Derde |
| Potchefstroom | Gholf | Derde |
| Potchefstroom | Netbal | Derde |
| Potchefstroom | Rugby | Derde |
| Mafikeng | Pluimbal | Derde (B- en C-afdeling) |

## Varsitybeker 2015

| Kampus | Sportkode | Eerste, tweede of derde plek |
|---|---|---|
| Potchefstroom | Atletiek | Eerste |
| Potchefstroom | Netbal | Eerste |
| Potchefstroom | Rugby | Tweede |

## USSA-spele 2016

| Kampus | Sportkode | Eerste, tweede of derde plek |
|---|---|---|
| Potchefstroom | Atletiek | Eerste |

## Varsity Cup 2016

| Kampus | Sportkode | Eerste, tweede of derde plek |
|---|---|---|
| Potchefstroom | Rugby | Eerste |
| Potchefstroom | Sewes | Derde |
| Potchefstroom | Atletiek | Derde |

# internasionale sportprestasies

Elke jaar word talle NWU-sportlui vir nasionale spanne gekies wat oorsee meeding.

Wat die Mafikengkampus betref, het 'n student die Afrika-bokskampioenskap gewen, 'n korfbalspeler het aan die Internasionale Korfbalfederasie se Wêreldkampioenskap 2015 in België deelgeneem en twee Sokkerinstituut-spelers is gekies vir die USSA nasionale span wat in Junie 2015 in Korea deelgeneem het.

Verskeie atlete van die Potchefstroomkampus neem internasionaal deel. Onlangse prestasies sluit in die twee goue medaljes wat atlete opgeraap het tydens die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se Diamantliga 2016-gebeurtenis in Doha. Vier atlete het ook aan die Olimpiese Spele in Rio deelgeneem, naamlik 'n spiesgooier, 'n 800m-, 5 000m- en tienkampatleet. Die eerste drie is nasionale rekordhouers. Die atlete het twee medaljes van Rio af teruggebring: 'n silwermedalje (spiesgooi) en 'n goue medalje (800m).

Wat die Vaaldriehoekkampus betref, is die huidige "Jetski Women's Runabout Stock"-kampioen 'n student van dié kampus. Nóg 'n student was lid van die Suid-Afrikaanse universiteitsokkerspan wat aan die Wêreluniversiteitspele in Suid-Korea deelgeneem het. Sy is ook gekies vir Suid-Afrika se nasionale vrouesokkerspan wat aan die Olimpiese Spele in Rio deelgeneem het.

# top-oefenbestemming

'n Vierster-**sportdorp** op die Potchefstroomkampus bied akkommodasie aan nasionale en internasionale sportspanne wat by die universiteit oefen.

Elite-sportmanne en -vroue gebruik die eersteklas-fasiliteite by die **NWU-Hoëprestasie-instituut vir Sport** (HPI). Dit het een van die bes toegeruste sportgimnasiums in Afrika en bied 'n volledige reeks sportafrigting-, geneeskundige-, navorsings-, voedings- en sportsielkundige dienste.

Die **Instituut vir Sportwetenskap en -ontwikkeling** lewer wetenskaplike ondersteuningsdienste aan nasionale en provinsiale sportfederasies, die Noordwes-Akademie vir Sport en verskeie sportkodes op ons kampusse.



# ons navorsing

Navorsing aan die NWU word georganiseer volgens 'n navorsingsentiteitemodel met vier vlakke. Dit is nisareas (die intreevlakentiteit), fokusareas, eenhede, en sentrums van uitnemendheid.

### Sentrums van uitnemendheid

Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV) | Sentrum vir Ruimtenavorsing | Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (Pharmacen)

### Navorsingseenhede

Eenheid vir Energie en Tegnologiestelsels | Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing | Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI) | Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks | Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur | Navorsingseenheid vir Reg, Geregtigheid en Volhoubaarheid | Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidnavorsing (AUTHeR) | WorkWell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights) | Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES) | Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)

### Fokusareas

Antieke Tekste: Teks, Konteks en Resepsie | Gemeenskaps- Psigososiale Navorsing (Compres) | Menslike Metabolomika | Chemiese Hulpbronveredeling | Bevolking en Gesondheid | Sosiale Transformasie | Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET) | Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek) | Instaatstelling van Optimale Uitdrukking van Individuele, Sosiale en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA) | Gehalte in Verpleeg- en Verloskunde (INSINQ) | Materiaalwetenskapinnovasie en -modellering (MaSIM) | Selfgerigte Leer (SGL) | Handel en Ontwikkeling (TRADE)

### Nisareas

Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MGSA) | Leefstylsiektes | Voedselsekuriteit en -veiligheid | Musiekkuns in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA) | Meertalige Spraaktegnologieë (MuST) | Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing | Beroepshigiëne en -gesondheidsnavorsingsinisiatief (BHGNI)

Verskeie **sentrums, platforms en institute** word by die NWU gehuisves, hoofsaaklik op die Potchefstroomkampus. Hulle is die volgende:

- DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform (PKGOP)
- DWT HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum vir waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde
- DHN-sentrum vir Gevorderde Vervaardiging
- DWT-sentrum van Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels (IKS)
- Sentrum vir Menslike Metabolomika

Die NWU het ook 'n kommersiële navorsingsentiteit:

- Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste

# navorsingsleer-stoele

Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) het vyf navorsingsleerstoele aan die Potchefstroomkampus toegeken. Hierdie leerstoele is in Steenkoolnavorsing, Vroeë opsporing en voorkoming van kardiovaskulêre siekte in Afrika, Kernenergie, Astrofisika en ruimtenavorsing, en Biobrandstowwe en ander skoon alternatiewe brandstowwe.

Die kampus het ook vier ekstern befondsde navorsingsleerstoele: ETDP/SETA-leerstoel in Vroeë Kinderonderwys, 'n Nutricia-navorsingstigtingleerstoel in Kliniese Voeding, 'n Eskom-leerstoel in Emissiebeheer en die Wêreldhandelsorganisasie-leerstoel.

# navorsings-telkaart

**2 146**
totale geweegde navorsingsuitset-eenhede in 2014

**164**
postdoktorale genote in 2014

**182**
NNS-gegradeerde navorsers in 2014

| | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|---|
| PhD's toegeken | 115 | 154 | 168 | 171 |
| Artikelekwivalente gepubliseer (totaal) | 734 | 869 | 1 170 | 1 127 |
| NNS-gegradeerde navorsers | 125 | 140 | 169 | 182 |
| Totale geweegde navorsingsuitset | 1 483 | 1 793 | 2 180 | 2 146 |

# ons navorsers

Ons akademiese personeel bestee gemiddeld 40% van hulle tyd aan navorsing, wat in lyn is met ons Jaarlikse Prestasieplan.

In 2014 het ons 182 NNS-gegradeerde navorsers gehad.

## navorsingskapasiteit

Om meer akademiese personeel aan te moedig om aansoek te doen vir gradering en om hul navorsingsuitset te verbeter, verskaf die NWU opleiding oor die skryf van opsommings en konferensiereferate, die skryf van artikels en beste praktyk met die opstel van navorsingsvraelyste.

## nagraadse werwing

Ons verbreed ook ons poel navorsingsvaardighede deur aktief meer meesters- en doktorsgraadstudente te werf. In 2016 was 2 639 studente vir meestersgraad- en 1 384 vir doktorale studie geregistreer.

# ons fokus op internasionalisering

Deur samewerking met ander universiteite en instansies wêreldwyd is ons aktief besig om die NWU in die globale arena te posisioneer. Ons internasionaliserings-aktiwiteite sluit in uitruilprogramme vir studente en personeel en samewerking in akademiese, navorsings-, kulturele en sportaangeleenthede.

In 2016 het ons 3 867 studente van 65 lande gehad, waaronder 3 734 nagraadse studente van wie 401 doktorale kandidate was.

# nasionale en internasionale samewerking

Die NWU het verhoudinge met verskeie universiteite en ander entiteite in Suid-Afrika en in die buiteland.

## buitelandse universiteite

- Hokkaido Universiteit, Japan
- Hanseo Universiteit, Suid-Korea
- China Universiteit van Landbou
- Krakow Universiteit van Ekonomie, Pole
- Universiteit van Glasgow
- Midlands Staatsuniversiteit, Zimbabwe
- Universiteit van Miami, VSA
- Universiteite in Nederland: Vrije Universiteit, Amsterdam, Tilburg, Twentig, Leiden, Erasmus, en die Apeldoorn en Kampen universiteite van teologie
- Universiteite in België: Antwerpen, Katolieke Universiteit Leuven, Gent
- Universiteite in Duitsland: Heidelberg, Justus-Liebig, Potsdam
- Universiteite in Swede: Universiteit van Lund, Uppsala Universiteit

## internasionale liggame

- Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (Unesco)
- Europese Unie
- G20-jeugforum
- Europese Wetenskaplike Instituut
- Wêreldhandelsorganisasie
- Wêreldgesondheidsorganisasie
- Wêreldbank
- Vereniging vir Energie-ingenieurs (internasionale liggaam)
- India Tea Research Association
- BRICS: Akademiese Forum, Universiteitsnetwerk en Council of Exercise and Sport Science
- The World Academy of Science (TWAS)
- World Association of Young Scientists
- Internasionale Vereniging vir Kognitiewe Onderwys en Sielkunde (IACEP)
- Elektrisiteitsreguleerders van die SAOG-lande

## industrie

MINTEK

Rand Water

Rheinmetall Denel Munition

Eskom

Sasol

ArcelorMittal

**Provinsiale regerings,** waaronder Noordwes, Gauteng en die Vrystaat

**Nasionale departemente,** waaronder die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die Departement van Energie

**Plaaslike gemeenskappe,** waaronder Bakgatla-Ba-Kgafela Tradisionele Owerheid en die Koninklike Bafokeng-stam, en nasionale sportklubs soos Kaizer Chiefs-sokkerklub

**Plaaslike munisipaliteite,** waaronder die Tlokwe Munisipaliteit

# ons innovasie

**THRIP-inkomste:** In 2015 het ons 'n totaal van R39,7 mijoen in die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid- (THRIP-) befondsing ontvang, wat een van die grootste bedrae van alle universiteite in Suid-Afrika was. Dit dui op die mate van sukses waarmee ons volhoubare samewerking met die privaat sektor en die openbare sektor nastreef.

**Inkomste deur innovasie:** Patente en inkomste uit produkverkope genereer ongeveer R43,8 miljoen per jaar. Van die 53 RSA-gepatenteerde uitvindsels in ons intellektuele eiendom-portefeulje is 47 in verskeie ander lande geregistreer, in 'n totaal van 21 verskillende lande.

**Newemaatskappye:** Die NWU stig innoverende klein en mediumgrootte newemaatskappye as deel van ons kommersialiseringstrategie en ons hou ekwiteit in sommige van hierdie maatskappye. Ons het tans 21 newemaatskappye, waarvan 13 aktief is.



# ons gemeenskapsbetrokkenheid

Die deel van ons kundigheid is vervleg met ons kernbesigheid en sluit gemeenskapsbetrokkenheid in.

Sommige van hierdie aktiwiteite genereer derdegeldstroominkomste deur kortkursusse, konsultasie of ander dienste en tegnologieoordrag.

Ons gemeenskapsverbintenisaktiwiteite het dikwels geen winsoogmerk nie. Hierdie aktiwiteite word deur personeel en studente uitgevoer om die gemeenskap op te hef deur ontwikkelingsbetrokkenheid, gemeenskapsdiensprojekte, dissiplinegebaseerde uitreik en vrywilligerwerk.

Ons gemeenskapsverbintenis behels dikwels navorsing oor, met en in gemeenskappe. Dit is interaktief, behels leer van ons gemeenskappe en verskaf ook werkgeïntegreerde leer of diensleergeleenthede vir studente.

In 2015 was die NWU by 297 gemeenskapsverwante aktiwiteite betrokke. Vir sommige van hierdie projekte was ons alleen verantwoordelik en in ander gevalle het ons aan projekte deelgeneem wat deur ander groepe gedryf is.

## gemeenskapsverbintenisprojekte

Om gemeenskappe op te hef, te ontwikkel en te betrek:

- bou ons huise en skep ons werk vir die pleegouers wat omsien na weeskinders wat deur MIV/Vigs geaffekteer is
- verskaf ons voorskoolse en naskoolse rekreasiefasiliteite vir weeskinders
- verskaf ons opleiding aan versorgers in opvoedkundige tegnieke en help ons met die formalisering en ontwikkeling van informele dagsorgsentrums
- deel ons ons kundigheid op gemeenskapsradiostasies, byvoorbeeld oor regskwessies
- leer ons plaasvroue oor gesonde voeding en help ons hulle om inkomste te genereer uit naaldwerk en die maak van glasvoorwerpe
- verskaf ons gratis regsdienste aan mense wat nie regsadvies kan bekostig nie
- verskaf ons primêre dieregesondheidsdienste aan mense wat nie veeartsenykundige dienste kan bekostig nie
- rus ons mans toe om hul rol in plaaslike gemeenskappe vol te staan
- ondersteun ons internasionale inisiatiewe soos die veldtog teen vroue- en kindermishandeling, en nasionale veldtogte soos dié wat georganiseer word deur die Kankervereniging van Suid-Afrika
- lei ons lede van nieregeringsorganisasies (NRO's) op om hul projekte op 'n volhoubare en winsgewende wyse te bestuur
- werk ons saam met groepe soos NRO's, sakekamers en regeringsdepartemente om nuwe lewe in die Vaaldriehoek se ekonomie in te blaas
- doen ons multidissiplinêre navorsing, byvoorbeeld in Bekkersdal, wat fokus op die eko-welstand van die mynbougebied
- bemagtig ons opkomende boere om kommersiële Nguni-boere te word
- lei ons staatsamptenare op in finansiële bestuur
- gee ons opleiding met betrekking tot beginnermaatskappye, met spesifieke fokus op vroulike entrepreneurs
- gee ons swemlesse en oefensessies aan lede van die gemeenskap en bied ons sportklinieke in en om Mahikeng aan.

# vennootskappe met skole

- Ons berei belowende Graad 12-leerders voor vir hul matriekeksamen en die uitdagings van die universiteitslewe.
- Ons bied 'n Winterskool aan waar personeel en studente aanvullende onderrig aanbied.
- Ons help Graad 12-leerders om hul wiskundeprestasie te verbeter.
- Ons het projekte wat ontwerp is om die gereedheid te verbeter van studente wat ingeskryf is vir wetenskap-, ingenieurswese- en tegnologiestudies aan universiteite.
- Ons bied opleiding vir onderwysers, kantoorgebaseerde personeel en onderwysleiers.
- Ons bemagtig rekeningkundeopvoeders om die kurrikulum beter te verstaan en hul Graad 12-eksamenuitslae te verbeter.
- Ons help onderwysers met denkvaardighede en -strategieë.
- Ons help vroeëkinderopvoedingspraktisyns om hul sentrums meer doeltreffend te bedryf en om hoëgehalteonderwys aan preprimêre kinders te verskaf.
- Ons leer talentvolle jong musici om musiek te lees en instrumente te bespeel.
- Ons voorsien tolkdienste in twee skole, wat meertalige leer moontlik maak.
- Ons lei onderwysers op om sokkerafrigters, skeidsregters en bestuurders te word.
- Ons neem sportspanne aan om hul prestasie te verbeter en om hulle bewus te maak van tersiêre onderwysgeleenthede.
- Ons organiseer astronomievasvrakompetisies vir Graad 7-leerders om belangstelling in wetenskap aan te wakker.
- Ons bied die Wetenskapsweek vir Graad 4- tot 12-leerders aan.
- Ons besoek skole om hulle te help met natuurwetenskapeksperimente en skenk MyLab-stelle om chemie-eksperimente aan leerders te demonstreer.
- Ons organiseer lewensvaardigheidsgroepe by sekere skole (en ook in die breër gemeenskap).
- Ons besoek skole om goeie burgerskap onder leerders aan te moedig en gee klasse in antieke kultuur en Latyn by skole in Potchefstroom.
- Ons help om nuwe skoolbiblioteke tot stand te bring, of om bestaande biblioteke uit te brei.
- Ons maak kinders bewus van verskillende loopbaangeleenthede in wiskunde en tegnologie.
- Ons onderneem projekte om plaaslike gemeenskappe se lewensgehalte te verbeter, byvoorbeeld deur die ontwerp van isolasiepanele vir informele behuising.
- Ons het die tegnologie verskaf om gesuiwerde water vir 'n dorpie en skool te verseker.

# betrek studente

Ons moedig ons studente aan om by te dra tot die samelewing deur vrywilligersdiens:

Die Potchefstroomkampus is sedert 2006 die tuiste van die grootste geregistreerde studentewelsynsorganisasie ter wêreld en het in 2012 die internasionale MacJannet-prys van die Taillores Network ontvang vir hul goeie werk en globale burgerskap.

In 2016 het die Joolkomitee ongeveer R2,8 miljoen aan verdienstelike projekte en individue geskenk.

Die kampusse hou ook fondsinsamelings-funksies soos gholf- en jazz-dae en fietswedrenne om te verseker dat behoeftige studente daagliks twee gebalanseerde maaltye ontvang.

Studente doen ook vrywillige gemeenskaps-diens by plaaslike kinderhuise, skuilings vir haweloses, ouetehuise en die Diere-beskermingsvereniging.

# ons finansies

Die NWU is 'n finansieel stabiele instelling wat 'n wins toon en 'n groeiende inkomste het.

**Totale inkomste 2015 = R 3 527 miljoen**

| | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale inkomste | R2 002m | R2 318m | R2 702m | R2 973m | R3 206m | R3 527m |
| Surplus (herhalende items) | R37m | R63m | R103m | R17m | R104m | R136m |
| Personeelkoste / totale koste | 52,8% | 52,4% | 52,2% | 51,5% | 52,6% *** | 54,7% |
| Selfgegenereerde inkomste | R642m | R751m | R864m | R944m | R933m | R946m |
| % van inkomste vanaf regering | 44,6% | 43,1% | 40,8% | 39,1% | 39,5% | 38, 8% |
| % van inkomste uit klasgeld | 23,6% | 24,7% | 26,5% | 28,4% | 31,2% | 33,2% |
| Kapitaaluitgawes op opgraderingsprojekte | R60,5m | R53,2m | R82,5m | R69,9m | R76,2m | R63,1m |

******* *Voor voordeelverhoging - IAS19*



# yunibesiti ya rona

Ka 1 Ferikgong 2004 Yunibesiti ya Bokone-Bophirima (YBB) e ne ya simolola semmuso go nna karolo ya leano le le atologileng la go fetola thuto e e kwa godimo, ka boikaelelo jwa go dirisa madi ka tshomarelo le go baakanya bothata jwa nako e e fetileng jwa go sa dirweng ga dilo ka go tshwana.

YBB ke setheo sa dikhamphase tse di farologaneng tse di dirang jaaka khamphase e le nngwe fela tse di leng mo diporofenseng tse pedi. Dikhamphase tseno ke khamphase ya Potchefstroom le ya Mafikeng kwa Bokone Bophirima le Khamphase ya Khutlotharo ya Lekwa kwa Gauteng. Ofisi ya Setheo (ofisi-kgolo) e kwa Potchefstroom gaufi thata le Khamphase ya Potchefstroom.

Mo dingwageng di le mmalwa tse di fetileng, YBB e ile ya akgolwa ke ditlamo tse di kwa ntle ka ntlha ya boeteledipele jwa yone mo ditirong tse di farologaneng.

Leinatshwao la kgwebo la Yunibesiti ya Bokone-Bophirima le na le dikarolo tse pedi, e leng letshwao la kerafo kgotsa letshwaoina – “dikeetane” tse di gokaganang le letshwaofoko, leina la setheo – Yunibesiti ya Bokone-Bophirima.

“Dikeetane” tse tharo tse di gokaganang di tshwantshetsa kutlwano ya Yunibesiti ya Bokone-Bophirima mme mebala e meraro e tshwantshetsa dipharologano tsa methalethale tsa dikhampase tse tharo.

Kwa Yunibesiting ya Bokone-Bophirima, go kopana ga ditalente tse di tlhomologileng, bokgoni le ditshwanelego tsa baithuti le badiri ba rona ba ditso tse di farologaneng go dira gore gantsi re nne le dikgopolo tse diša tsa go dira dilo.

Moano wa rona, Mokgwa o moša wa go dira dilo ka dipharologano, o gatelela ntlha eno.

E bontsha maikemisetso a Yunibesiti a go rata le go amogela ditso tse di farologaneng le go dirisa dipharologano tseno go gagamalela kitso le mekgwa e meša ya go dira dilo, go letla baithuti le badiri ba rona go nna se ba batlang go nna sone le go godisa moya wa rona wa mekgwa e meša ya go dira dilo.



## Mafikengkampus
Tel: +27 18 389 2144
E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

## Potchefstroomkampus
Tel: +27 18 299 2769
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

## Vaaldriehoekkampus
Tel: +27 16 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

## Institusionele Kantoor
Tel: +27 18 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za


## Samestelling
Korporatiewe Kommunikasie, NWU

## Ontwerp, uitleg en drukwerk
SUN MeDIA MeTRO

## Fotografie
NWU-diensverskaffers en kollegas